NET RACHEL









HOOFFOTO, BO en REGS BO: Rachel John is passievol daaroor om die kinders in Pellsrus te help. Al is sy van Nederland, bevind sy haar altyd terug op Jeffreysbaai.

LINKS: Rachel saam met die medestigter van JBay Surfhouse, Jimeal Abersalie. BO: Rachel en Siya Kolisi is vanjaar op 'n boot in Zimbabwe saam gesien.

Almal weet sy is die nuwe vrou in Siya Kolisi se lewe, maar dis iets wat jy vergeet sodra jy haar ontmoet en sy begin praat oor die dinge wat haar raak – hierdie plek, sy mense, en die branders wat haar roep

Deur **JOY JANUARY**

DIS 'n sonnige Donderdagmiddag in Pellsrus, net 'n klipgooi van die strand in Jeffreysbaai, toe haar glimlag tussen dié buite die baksteenhuis verskyn. Sy is beeldskoon. Haar krullebol kry lewe in die seebries wat souterig aan die namiddag lek, haar atletiese figuur is gegiet in jeans van Karl Lagerfeld.

Dis Siya Kolisi se nuwe meisie, dink jy oorbluf – dis sý. Rachel John, die vrou oor wie die ganse Suid-Afrika wonder. Rachel John, die Nederlandse ster oor wie die Springbokkaptein so geheimsinnig bly.

Hier staan sy, en jy kan dit byna nie glo nie, want almal weet teen dié tyd sy is die nuwe Rachel in Siya se lewe.

Maar net so gou, sommer dadelik, vergeet jy van liefdesintriges en van rugby, en eintlik selfs van Siya, want Rachel is self oorrompelend. Oorrompelend geesdriftig, oorrompelend innemend, oorrompelend onopgesmuk.

"Welcome to JBay Surfhouse!" roep sy in die Engels waaraan haar Nederlandse aksent jolig kleef, en sy waai ons in by die huis wat sy met skenkersgeld vir haar hartsprojek kom koop het.

En dan sien jy met jou eie oë hoekom die mense hier haar ook nie beskou as Siya se Rachel nie, maar nét as Rachel.

Dis 'n groep van sowat 30 kinders en tieners, almal tussen ses en 18, wat om haar saamdrom, en sy groet elkeen op die naam. Sy vou haar hande om hulle gesiggies, deel drukkies uit. Lag en gesels met elkeen, hulle is so bly om mekaar te sien.

Daar's musiek in die lug, en die klompie dans in 'n golf van spontane, uitbundige beweging vol blydskap oor die mooi dag en die branders wat roep.

Kyk, wys die 25-jarige Rachel ons gou deur die huis: Hier's slaapkamers, kleedkamers, plek om te stort – en oral branderplankborde.

Dan beduie Jimeal Abersalie (26), die stigter van dié bemagtigingsorganisasie wat kinders leer branderplankry, dis tyd om koers te kies see toe.

Almal glip hulle duikpakke aan en suiker kaalvoet af strand toe, ook Jimeal en Rachel en die tien Nederlandse vrywilligers, almal tieners, wat onder haar vlerk na Suid-Afrika gekom het om te help met die projek.

Die jongklomp lê hulle borde in 'n sirkel op die sand neer, en Jimeal en Rachel wys hoe om te maak: Lê op jou maag, hurk op jou knieë, kom regop, strek jou arms weerskante, kyk vorentoe na jou vingerpunte.

En dan, al jubelend in groepies van vyf met 'n afrigter wat elke klompie help, hol almal die branders in.

Die water spat, die kinders lag, die gesigte straal – en Rachel s'n ook.

Als is vergete, al wat tel, is die samesyn en surf.

Teen sonsondergang, nadat almal terug by die baksteenhuis warm aangetrek en sjokoladekolwyntjies verorber het, sorg Jimeal dat die kinders veilig terug huis toe gaan.

Vanuit 'n taxi waai 'n klein dogtertjie vir die grootmense wat so lekker speel. "Baie dankie, Rachel en Jimeal!" roep sy.

Sy waai en sy waai, en Rachel se bruin oë blink.

> 'EK DRYF NADER AAN MY GELOOF WANNEER EK HIER IS'

LANK voor Siya, lank voor haar roem in rugbykringe, en lank voor enige skinderstories het Rachel haar weg na Suid-Afrika die eerste keer in 2021 gevind.

Sy't gekom om te leer branderplankry, vertel sy. "Ek wou nog altyd leer hoe, en het gedink Jeffreysbaai is die perfekte plek om te begin."

Daardie besoek het haar lewe verander. Só mal was sy oor elke oggend se sonsopkoms, die vryheid van glip oor die golwe en die mense van die gemeenskap, dat sy vasbeslote was om terug te keer.

Sy't die volgende keer 'n groep ander vroue saamgebring om die branders te kom trotseer, en weer die keer daarna. Vandag bemark sy dié gereelde branderytoere onder die vaandel van haar onderneming, Rajo's Guide.

In 2022 het haar pad ook hier op Jeffreysbaai met dié van Jimeal gekruis, en só het sy aangesluit by die branderrylesse wat hy vir die kinders van die gemeenskap aanbied. Sy't geld in Nederland ingesamel om die organisasie se hoofkwartier, die huis in Pellsrus, te koop en werk vandag nou saam met Jimeal aan hulle opheffingswerk hier aan die kus van die Oos-Kaap.

"Jeffreysbaai is my gelukkige plek, ➤





LINKS en ONDER: Die kinders van Pellsrus lê haar na aan die hart. HEEL LINKS: So ook branderplankry.





REGS: Rachel neem graag aan skopboks-kompetisies deel. HEEL REGS: In die program *Special Forces VIPS*.

ek dryf nader aan my geloof wanneer ek hier is. Dis ’n pragtige dorpie met ’n goeie gees. Die mense is so vriendelik en almal ken mekaar.

“En die eerste plek waarheen ek gaan wanneer ek hier aankom, is om almal op Pellsrus te groet. Dan voel ek régtig tuis.”

In Nederland, waar sy gebore en getoë is, woon sy in Amsterdam. Sy het verlede jaar deelgeneem aan die Nederlandse reeks *Special Forces VIPS*, waarin deelnemers militêre opleiding probeer trotseer, en het haar ook al gevestig as ’n influencer met meer as 700 000 mense wat haar aanlyn volg. Sy het ook al professionele skopbokskompetisies gewen.

Haar pa, David, is ’n meganiese ingenieur van Nigeriese afkoms en haar ma, Elske, ’n onderwyser van Nederland. Sy het een ouer suster, Doris (27).

“Ek het in ’n baie liefdevolle gesin grootgeword – my pa het my ma baie lief, en my ma het my pa baie lief, en hulle het alles gedoen vir my en my suster. Hulle het altyd soveel liefde gegee, en ons ook geleer om daardie liefde te deel met die mense rondom ons.”

As sy dit vergelyk met die omstandighede waarin sommige kinders hier in die Oos-Kaap grootword, tref dit haar opnuut hoe bevoorreg sy grootgeword het. “Dis dan moeilik om oor my eie kinderjare te kla.”

Sy sê haar pa het ’n groot invloed gehad op haar belangstellings.

“Hy het my aangemoedig om sport te doen en om die beste weergawe van myself te wees, en ons het altyd saam geoefen.

“Ek het tennis gespeel toe ek jonger was en my pa het altyd twee keer ’n week saam met my geoefen, maar skopboks en branderplankry is die sportsoorte wat ek die meeste geniet.”

Tog wás daar uitdagings op haar pad. “Ek het baie gesukkel met my geestesgesondheid as tiener, maar ek het dit oorkom,” verduidelik sy.

Sy’t verlede jaar ’n boek oor haar ervaring van aandaggebrek-hiperaktiwiteitsteuring, *Gelukkig heb ik ADHD*, gepubliseer en skryf in dié boek ook oor haar destydse stryd met die eetsteuring anoreksie.

“Ek sien hoe ek elke week maerder word,” skryf sy in die boek. “Die syfertjie op die skaal hou net aan afgaan. Dit voel goed.”

“Omdat ek min eet, raak my kop ook rustiger. Dis nie so vreemd nie: Ek het minder energie omdat ek minder voedingstowwe inkry.”

“Op ’n stadium skree my liggaam vir kos. Dan kom die eetbuie. Ek eet alles wat ek in die hande kan kry. Stukke kaas. Muesli. Bevrore brood. Ek soek koolhidrate. Suiker. Daarna moet ek soms oorgee. Só vol is ek dan.”

Daar’s nie vandag tyd om meer oor dié hoofstuk in haar lewensverhaal te praat nie, sê Rachel, maar “ek sal graag eendag meer in diepte daaroor wil praat, want dit is moeilik om so ’n intense en lang storie kortliks saam te vat”.

Sy het nog ’n vegetariese leefstyl gevolg toe sy in 2021 haar hart op Suid-Afrika verloor het, vertel sy. “Ek het letterlik verander vandat ek hierheen gekom het. Ek geniet dit nou baie om te braai! Die vleis, hoender, pap en wors, die brood. Ek hou ook van afval, want dit herinner my aan Nigeriese kos.”

DIS toe sy gesels oor die opheffingsprojek wat sy en Jimeal bestuur, dat Rachel veral geesdriftig raak.

Hy het in Pellsrus grootgeword en op sewe deelgeneem aan ’n soortgelyke branderplankryprojek. “Dit het ’n groot impak op my lewe gehad, en ek wou dieselfde ervaring aan die kinders van Pellsrus gee,” sê hy.

Voor Rachel by hom aangesluit het, het hy dinge in 2019 eiehandig op koers gekry met ’n paar geborgde branderplanke en duikpakke.

“Ek wou ’n ruimte skep waar die kinders kan voel dit is hulle tuiste. Ek het hulle nie net geleer hoe om branderplank te ry nie, maar ook hoe om met ander kinders verhoudinge te bou. Branderplankry bring mense bymekaar, en die projek gee mense die kans om net hulself te wees en om veilig en geliefd te voel.”

Toe hy Rachel in 2022 hier op Jeffreysbaai ontmoet, was dit asof hulle drome gemaak is om by mekaar aan te sluit.

“Hy het as branderplankryafrigter gewerk by die plek waarheen ek gekom het, en ek het begin om hom ná ons branderplankrysessies in die township af te laai. Elke keer het die kinders na my kar gehardloop, en ek het vir hulle begin drukkies en geskenke gee. Só het ek al die kinders in die straat leer ken,” sê sy.

“Ek het toe sommer daar begin uithang, met die kinders gespeel en regtig ’n band met hulle gevorm.”

Rachel het saam met Jimeal se familie partytjies en ander aktiwiteite vir die kinders begin reël, en kort voor lank besluit om aan te sluit by sy opheffingsprojek, “want die kinders het in my hart ingekruip”.

Hulle projek is in 2023 amptelik geregistreer as ’n welsynsorganisasie, en Rachel het werk daarvan gemaak om geld in Nederland in te samel om ’n huis as basis vir die organisasie te koop.

Hulle het dié huis, bekend as die JBay Surfhouse, twee maande gelede aangeskaf.

Rachel sit hand by met alles wanneer sy in Suid-Afrika is, en Jimeal bied elke week branderplankrylesse aan vir sowat 80 kinders uit die omgewing.

“Baie van die kinders kom uit omstandighede wat nie so goed is nie, aangesien baie van hulle pa’s afwesig is. Dis iets waarmee ek kon identifiseer. Ek het uit ’n liefdevolle familie gekom, maar my pa was nooit in my lewe nie,” sê Jimeal.

“My ma se suster het my van ’n jong ouderdom af ingeneem omdat my ma nie vir my en my suster alleen kon sorg nie. Ek het by my tannies en my ouma en oupa grootgeword,” sê hy.

Hy wou vir die kinders van sy gemeenskap ’n goeie rolmodel en leiersfiguur wees, en ook vir hulle ’n toevlugsoord bied van die harde werklikheid van hulle omgewing, waar volwassenes soms in die wurggreep van dwelms verval.

“Hierdie projek gee hulle die kans om vir ’n paar uur van daardie omstandighede weg te breek en geliefd te voel,” sê hy.

Hy droom daarvan om nog takke op ander kusdorpe oop te maak “sodat ander kinders wat nie ’n goeie huis het nie veiligheid in ons huise kan vind”.

“Definitief!” voeg Rachel by. “En om meer aktiwiteite aan te bied, soos om kinders te leer skaats, of tuinmaak, dans en bak.”

Maar branderplankry bly aan die kern van wat hulle doen, sê Rachel. Dít en omgee vir die kinders.

In ’n stadium kom onderbreek twee meisietjies die gesprek. “Rachel, kan ons by jou sit?” vra hulle.

Sy gooi haar arms wyd oop en die twee kom kruip styf teen haar aan.

SIYA het minder as 100 km kuslangs, in die buurt Zwide aan die buitewyke van Gqeberha (destyds bekend as Port Elizabeth), grootgeword. Hy’t kleintyd by sy ouma gewoon, en dinge soos genoeg kos en skoene vir skool was luukses.

Daardie soort swaarkry, die uitdagings van armoede en wat dit verg om vir talentvolle kinders geleenthede te skep, is iets wat Rachel ná dese eerstehands aanskou hier in die gemeenskap wat sy so liefgekry het.

Maar oor hóm, oor die man wie se spore so diep hier in die Oos-Kaap lê, wil sy nog nie praat nie. Sy kán nie, verduidelik sy.

Hulle verhouding is nie meer ’n geheim nie. Hulle is verlede jaar in November afgeneem waar hulle styf langs mekaar in die paviljoen gesit het tydens ’n tenniswedstryd tussen Jannik Sinner en Carlos Alcaraz in Turin in Italië, en weer in Januarie toe hulle saam op vakansie was by die Zambezi-rivier en Victoria-waterval.

Die twee waai vrolik in ’n video wat iemand geneem het toe hulle tydens dié vakansie saam op ’n boot op die rivier geklim het.

Op die foto’s van dié vakansie wat hulle self aanlyn gedeel het, was dit duidelik hulle was op dieselfde tyd op dieselfde plek, maar nie een het ’n foto gedeel waarop hulle saam verskyn nie.

Siya is in 2024 van sy vrou, Rachel, geskei en sy bemoei haar die afgelope tyd met die bemarking van haar biografie, *Falling Forward*.

Sy rep nie ’n woord oor die nuwe Rachel in haar eks se lewe nie en het laat blyk Siya se nuwe verhouding is “nie my saak nie”.

En tog, al swyg almal steeds, lyk dit of Siya en sy nuwe geliefde ál minder wegkruip vir ’n wêreld wat wag om hulle weer saam te sien.

Hy laat gereeld hartjies by haar aanlyn inskrywings, en sy stem klink op in een van die video’s wat sy onlangs aanlyn gedeel het. “Jy lyk ongelooflik,” hoor kykers Siya vir Rachel sê.

Wat sê sý oor Siya en oor hulle verhouding?

Rachel glimlag net.

“Ek kan niks daaroor sê nie . . . Nee, ek kan net nie,” sê sy.

Sy kyk om haar rond na die plek wat haar hierheen gebring het. Sy’t nie ingestem tot ’n onderhoud om oor haar verhouding te praat nie, dís nie wat sy wil doen nie, wys haar glimlag.

Sy wil eerder praat oor die projek wat sy en Jimeal so liefhet, en oor die plek waar haar hart lê.

“Ek wil hê dat almal moet sien hoe mooi Jeffreysbaai is, en ek hoop mense kan die skoonheid van hierdie dorp raaksien.”

Dís wat sy wil bereik. En dis hoekom sy hier is.

Die res is deel van die storie en die lewe wat sy hier kom vind het. ❑



Siya en Rachel is op dieselfde plek by die Empire State-gebou in New York opgemerk.

DEON FERREIRA: INSTAGRAM @RACHELJOHN, @SIYAOLISI